

13 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 10:12-18

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 10:15

Geloofsgroei tot voordeel van die verspreiding van die evangelie

Paulus was nie oral gewild nie! Veral in die gemeente van Korinte was daar mense wat niks van hom gehou het nie. Hulle het gesê dat hy 'n valse apostel is, 'n manteldraaier. Hy het nie die moed om die dinge wat hy in sy briewe skryf, van aangesig tot aangesig vir die gelowiges te sê nie (vs 10-11). Hy soek sy eie eer. Hy wil maai waar hy nie gesaai het nie.

Daarom verdedig Paulus sy gesag as apostel. Hy het nie self besluit om in Korinte te werk nie. God het dié *werkkring* vir hom gegee (vs 13). Hy het een nag in 'n gesig vir Paulus gesê: *Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie ... want Ek het baie mense in hierdie stad* (Hand. 18:9-10). Die Here maak self sy *mense* deur die diens van gelowiges bymekaar. Dit is nie ons gewildheid of die aanvaarbaarheid van Christus se boodskap wat mense na Hom toe lei nie. Hy laat self deur die Heilige Gees geloof in mense se harte groei.

Dááror *roem* Paulus! Dááror verheerlik hy die Here (vs 17)! Dáárvoor span Paulus al sy krag in binne die *werkkring* (vs 13) wat die Here aan hom opgedra het. Hy verheerlik die Here Jesus, omdat mense deur sy arbeid tot geloof gekom het. Sy enigste begeerte is dat *julle geloof toeneem* (vs 15). Die gelowiges in Korinte moet nog verder in hulle geloof groei, sodat hulle standvastig kan wees. Hulle moet só groei dat hulle self ook saaiers van die geloofsaad kan wees. Dan sal daar nog meer mense in die stad tot geloof kom. Dan sal Paulus nog meer rede hê om te *roem*, want in Korinte sal dit nog duideliker word dat die Here self aan die werk is. En dan sal Paulus verder kan gaan na *plekke anderkant julle* (vs 16) om die evangelie ook daar te verkondig.

Groei in jou geloof is nie net tot jou eie voordeel en vooruitgang in jou verhouding met God nie. Hy gebruik jou geloofsgroei ook in die uitbreiding van die evangelie. Jou geloof moet sigbaar word in jou lewe en lewenswyse. Hoe sterker jou geloof groei, hoe méér moet dit in jou lewe sigbaar word.

Sing: Skrifberyming 43:2, 3 (15-7)

Ds. AP (Abraham) Krüger (Welkom)